
**Deur President Thomas S. Monson**



# Getrou aan die Geloof van Ons Voorouers

John Linford was 43 toe hy en sy vrou, Maria, en drie van hulle seuns die besluit gemaak het om hulle tuiste in Gravely, Engeland, te verlaat en om duisende myle te reis om aan te sluit by die Heiliges in die vallei van die Groot Salt Lake. Hulle het hul vierde seun, wat op sending was, agtergelaat, hul besittings verkoop, en in Liverpool aan boord die skip *Thornton* gegaan.

Die reis per see na New York Stad en toe per land na Iowa, was sonder voorval. Maar, probleme het opgeduik kort nadat die Linfords en die ander Heiliges van die Laaste dae wat ook op die *Thornton* geseil het, Iowa Stad op 15 Julie, 1856, as deel van die James G. Willie stootkar gesêlskap, verlaat het.

Die ru weer en die en die veeleisende reis het sy tol geëis op menigte van die gesêlskap, insluitende John. Hy het uiteindelik so verswak dat hy in ŉ stootkar gestoot moes word. Teen die tyd dat die gesêlskap Wyoming bereik het, het sy toestand noemenswaardig verswak. ŉ Reddings span vanaf Salt Lake City het op 21 Oktober, net ure na John se aardse lewe tot ŉ einde gekom het, die gesêlskap bereik. Hy is vroeg daardie oggend naby die oewer van die Sweetwater Rivier oorlede.

Was John jammer dat hy die gemak en die gerief verruil het vir die struwelinge, ontberinge, en teenspoed om sy familie na Sion toe te neem?

“Nee Maria,” het hy aan sy vrou gesê net voordat hy gesterf het. “Ek is bly ons het gekom. Ek sal nie leef om Salt Lake te bereik nie, maar jy en die seuns sal, en ek berou niks waardeur ons moes gaan solank as wat ons seuns die geleentheid sal hê om groot te word, en hulle families groot te maak, in Sion nie.”[1]

Maria en haar seuns het die tog voltooi. Toe Maria om en by 30 jaar later oorlede is, het sy en John ŉ erfenis van geloof, van diens, van toewyding, en van opoffering na gelaat.

Om ŉ Heilige van die Laaste Dae te wees, is om ŉ pionier te wees, want die definisie van ŉ pionier is “een wie vooraf gaan om die weg te open of voor te berei vir andere om te volg.”[2] En om ŉ pionier te wees is om vertroud te word met opoffering. Alhoewel daar nie meer van lede van die Kerk verwag word om hul huise te verlaat om die tog na Sion te onderneem nie, moet hulle tog ou gewoontes, langstaande gebruike, en geliefde vriende agter laat. Party maak die senutergende besluit om familie lede wat hul lidmaatskap in die Kerk teenstaan, agter te laat. Heiliges van die Laaste Dae beweeg nie te min voorwaarts, biddend dat geliefdes sal verstaan en aanvaar.

Die pad van ŉ pionier is nie maklik nie, maar ons volg in die voetspore van die uiterste pionier—Jesus Christus—wat vooruit gegaan het, om ons die pad aan te wys wat ons moet volg.

“Kom volg My,”[3] is Sy uitnodiging.

“Ek is die weg, die waarheid en die lewe.”[4] het Hy aangekondig.

“Kom na My,”[5] is Sy uitnodiging.

Die pad kan moeilik wees. Sommige vind dit moeilik om terging en onaangename aanmerke van dwase mense te weerstaan, wie die spot dryf met sedelikheid, eerlikheid en gehoorsaamheid aan God se gebooie. Maar die wêreld

het nog altyd gehoorsaamheid aan beginsels, verkleineer. Toe Noag aangesê is om 'n ark te bou, het die dwase skare na die wolklose hemelruim gekyk en gespot en gelag—totdat die reën begin val het.

Baie eeue gelede op die Amerikaanse vasteland, het mense getwyfel, betwis, en was hulle ongehoorsaam totdat vuur Zarahemla verorber het, die aarde Moroniah ingesluk het, en die water Moroni verswelg het. Bespotting, koggel, ongeskiktheid, en sonde het nie meer bestaan nie. Dit was deur 'n onaangename stilte, en diep duisternis vervang. Die geduld van God het 'n einde bereik, Sy tydslyn vervul.

Maria Linford het nooit haar geloof verloor nie, ten spuite van die vervolging in Engeland, die teenspoed tydens die reistog na "die plek wat God . . . voorberei het,"[6] en die beproewinge wat sy daarna vir haar familie en die Kerk verdra het nie.

Tydens 'n 1937 herdenkings plegtigheid ter ere van haar, by haar graf, het Ouderling George Albert Smith (1870-1951) haar nasate gevra: "Sal julle getrou lewe aan die geloof van jul voorouers? . . . Strewe om waardig te bly aan al die opofferinge wat hulle namens julle gemaak het."[7]

Soos wat ons strewe om om Sion in ons harte op te bou, in ons huise, in ons gemeenskappe, en in ons tuislande, mag ons die standvastige dapperheid en die vasberade geloof onthou van hulle wat hul alles opgeoffer het sodat ons al die seëninge van die herstelde evangelie kan geniet, met al sy hoop en beloftes deur die Versoening van Jesus Christus.

**NOTAS**

1. Sien Andrew D. Olsen, *Die Prys Wat Ons Betaal Het* (2006), 45-46, 136-37.
2. *Die Compact Edition of the Oxford English Dictionary* (1971), "pioneer."
3. Lukas 18:22.
4. Johannes 14:6
5. Johannes 7:37; sien ook 3 Nefi 9:22.
6. "Kom, Kom, Julle Heiliges," *Gesang,* no. 30.
7. Sien Olsen, *Die Prys Wat Ons Betaal Het* 203-4.

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Oorweeg dit om diegene wat jy onderrig te vra om aan mense in hulle lewens te dink wat hulle vooraf gegaan het en pioniers vir hulle was. Vra hulle dan om te dink aan toe hulle pioniers was en die weg vir andere voorberei het. Nooi hulle uit om na te dink aan die tye toe hulle opofferings moes maak en hoekom dit die moeite werd was. Jy kan hulle dan uit nooi om hulle getuie van "die uiterste Pionier", die Redder, aan te teken.

## JEUG

### Getrou aan Hul Geloof

President Monson vertel 'n storie aangaande 'n pionier familie en haal dan Ouderling George Albert Smith aan: "Sal julle getrou lewe aan die geloof van jul voorouers? . . . Strewe om waardig te bly aan al die opofferinge wat hulle namens julle gemaak het." Of jy pionier voorsate het, of as jy 'n eerste generasie lidmaat van die Kerk is, kyk jy op na ander as voorbeelde van geloof vir leiding en krag? Hier is 'n goeie manier om te begin:

1. Maak 'n lys van mense na wie jy opkyk. Hulle kan lede van jou familie wees (nou en in die verlede), vriende, Kerk leiers, of mense uit die skrifture.
2. Teken die kenmerke aan wat hulle besit waarvan jy hou. Is jou ma baie geduldig? Miskien is jou vriend baie liefdevol teenoor andere. Miskien hou jy van Kaptein Moroni se ridderskap.
3. Kies een van die kenmerke op jou lys en stel jouself die vraag, "Hoe kan ek hierdie kenmerk verwerf? Wat moet ek doen om dit in my lewe aan te kweek?"
4. Skryf jou doelwitte om hierdie kenmerk aan te kweek neer, en plaas dit op 'n opmerklike plekkie, om jou aan jou doelwit te herinner. Bid tot Hemelse Vader vir hulp en kontroleer jou vordering gereeld. Wanneer jy voel dat jy hierdie kenmerk genoegsaam ontwikkel het, kan jy 'n nuwe kenmerk kies om aan te werk.

Onthou deur om goeie kwaliteite in onsself aan te kweek, vereer ons nie net diegene wat ons vooraf gegaan het nie, maar ons kan 'n goeie invloed wees in die lewe van die mense om ons.

## KINDERS

### Jy Is Ook 'n Pionier!

'n Pionier is iemand wie die weg aandui vir andere om te volg.

Teken 'n prentjie of vind 'n foto van een van jou voorouers. Kan jy 'n storie vind oor hoe hulle vir jou die pad aangewys het wat jy moes volg? Teken twee maniere aan hoe jy 'n hedendaagse pionier kan wees. Jy kan jou idees in die volgende Familie aand met almal deel.

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//16. Vertalings goedkeuring: 6/16
Vertaling van *First Presidency Message, July 2016*. Afrikaans. 12867 501.

# Ons Ouerskap Potensiaal

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van "Die Familie: 'n Aankondiging aan die Wêreld" jou geloof in God vermeerder asook diegene waaroor jy waak deur vroue besoek? Vir meer inligting, gaan na* ***reliefsociety.lds.org***

**Geloof, Familie, Verligting**

"Dit was noodsaaklik dat God se geestes kinders 'n aardse geboorte hê en 'n geleentheid het om vordering te maak tot die ewige lewe," het Ouderling Dallin H. Oaks van die Kworum van die Twaalf Apostels geleer. "Kykende na die uiterste doel van die groot plan vir geluk, glo ek dat die uiterste skatte op aarde en in die hemel ons kinders en nasate is."[1]

Ouderling Neil L. Andersen van die Kworum van die Twaalf Apostels het gesê:

"Ons glo in families, en ons glo daarin om kinders te hê. . . .

"'. . . En God het [aan Adam en Eva] gesê, Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde' [Genesis 1:28]. . . .

Hierdie gebod is nie vergete of ter syde gestel in Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae nie."[2]

Alhoewel nie almal van ons in hierdie lewe kinders mag hê nie, kan ons kinders van alle ouderdomme opvoed. Ons geniet die seëninge om deel van Hemelse Vader se familie te wees, en ons geniet die vreugde en die uitdagings om deel te wees van 'n aardse familie. En vir menigte, wag ouerskap hul toe in die ewigheid wat voorlê.

### *Addisionele Skrifgedeeltes*

Psalm 127:3; Matthéüs18:3–5; 1 Nefi 7:1; Moses 5:2–3

### *Lewende Stories*

"Baie stemme in vandag se samelewing marginaliseer die belangrikheid daarvan om kinders te hê of stel voor om ouerskap uit te stel of om minder kinders in die familie te hê," het Ouderling Anderson gesê. "My dogter het my onlangs na 'n blog wat deur 'n christen moeder (nie van ons geloof) geskryf is, wat vyf kinders het. Sy het aangedui: 'Om groot te word in hierdie kultuur, is dit moeilik om 'n Bybelse perspektief op moederskap te kry. . . . Kinders val baie laag op die skaal wanneer dit met kollege vergelyk word. Verseker vêr onder wêreld reise. Onder die vermoeë om saans uit te gaan net wanneer jy wil. Onder die opbou van jou liggaam by die gimnasium. Onder enige werk wat jy het of hoop om te hê.' 'Moederskap is nie tydverdryf nie, dit is 'n roeping' voeg sy by. Jy versamel nie kinders omdat hulle ouliker as seëls is nie. Dit is nie iets wat jy doen as jy 'n tydjie kan afknyp nie. Dit is waarvoor God jou tyd gegee het.'"[3]

**NOTAS**

1. Dallin H. Oaks, "Die Groot Plan van Geluk," *Ensign,* Nov. 1993, 72, 75.
2. Neil L. Andersen, "Kinders," *Liahona,* Nov. 2011, 28.
3. Neil L. Andersen, "Kinders," 28.

### *Ter Oorweging*

In watter opsig is ons aardse familie soortgelyk aan ons hemelse familie?

© 2016 deurIntellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//16. Vertalings goedkeuring: 6/16
Vertaling van *Visiting Teaching Message, July 2016.* Afrikaans. 12867 501.